

24 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 148

Fokusgedeelte: Psalm 148:1, 7

Niks kom by God se grootheid nie

Word 'n paar oomblikke stil en dink aan die skepping. Wat is vir jou ontsaglik groot en kragtig? Wat beïndruk jou en is vir jou baie besonders? Dalk dink jy aan 'n vulkaan waar gloeiende lawa uitborrel wat alles vernietig waar dit loop. Dalk dink jy aan 'n weerligstraal wat met een slag mense en diere kan doodmaak en bome verpletter. Dalk dink jy aan die magtige golwe in die see wat in stormtye die grootste boot op die rotse kan laat strand.

Dink vir 'n rukkie aan magtige en invloedryke mense. Watter persoon maak 'n groot indruk op jou? Wie beskou jy as 'n magtige mens? Dalk dink jy aan die president van Amerika, militêr en ekonomies die magtigste land op aarde. Dalk dink jy aan die grootbaas van 'n groot maatskappy en sy ontsaglike finansiële vermoë.

Psalm 148 lei ons om nuut oor al hierdie grootse dinge en persone in die skepping te dink. Weet vandag opnuut: God is oneindig groter en magtiger as al hierdie grootse gebeure en persone. God regeer in sy almag oor die ganse skepping en oor alle mense in magsposisies. Niks en niemand kan by God se grootheid kom nie! Alles en almal staan onder sy heerskappy en gesag. Sy majesteit en heerlikheid is oneindig groot. Alles in die hemel en alles op die aarde moet voor Hom buig en Hom loof en prys. Hy bepaal alle dinge se plek en funksie.

Wat 'n heerlike voorreg dat ons in hierdie oomblikke deur die krag van die Heilige Gees God opnuut kan raaksien as die groot en almagtige God – en dat ons Hom as Vader kan ken en dien.

Sing: Psalm 19:1, 2

Ds. L du P van der Vyver (Silverton)